GOEIE NUUS

NG Gemeente Meyerspark

Oktober 2019 - Jaargang 16 Uitgawe 9

Lentefees 2019 ’n GROOT DANKIE!! - Correlie van der Hout

Baie dankie aan almal wat gehelp het om ons 60-jarige Lentefees ‘n groot sukses te maak. Ons Lentefees het vanjaar ‘n wins van **R96 000** opgelewer!

Eerstens, baie dankie aan almal wat ons op 7 September kom ondersteun het – sonder mense kan daar nie ‘n fees wees nie!

Al ons stalletjie koördineerders het só hard gewerk. Die terrein was ‘n miernes van bedrywighede en al die stalletjies en teetuin het só vrolik gelyk! Daar was orals heerlike eetgoed en oulike items te koop of te wen. Ook heerlike vermaak vir die kleinspan. Baie dankie vir elkeen se harde werk – hier is te veel name om te noem! Dankie ook aan al die gemeentelede wat so ruim begedra het aan bestanddele, gebak, poedings, boeke, handgemaakte artikels en ook van rommel by die huis ontslae geraak het vir die wit olifanttafel. Dankie ook vir almal wat hulp aangebied het om te help diens doen, bak, braai, bedien of verkoop.

Baie dankie aan Frank Boshoff wat weer aan diens was as klankman. Tussen die afkondigings deur het hy vir vrolike musiek en ‘n feestelike atmosfeer gesorg.

Dankie aan ds Izak wat eintlik nog op siekverlof was, maar die Lentefees op gepaste manier kom open het.

Baie dankie vir almal wat by die honde olimpiade betrokke was. Dit was heerlike vermaak!

Dankie aan Gerhard en Marieta van der Merwe wat vir ons 60-jarige vieringe ‘n feestelike boog van ballonne by die ingang gespan het en wat ook ‘n oulike “photo booth” gemaak en opgehang het waar gemeentelede hulleself kon laat afneem. Baie dankie ook vir die oulike, eenvormige naamborde wat hulle gemaak het om tot die verjaarsdagvieringe by te dra. Baie dankie ook aan Gerhard van der Berg en Kobus van Deventer wat voetstukke vir dié naamborde gemaak het.

Baie dankie aan Johan van Rensburg vir die trekker en wa waarmee hy soveel mense vir ‘n rit in Meyerspark se strate geneem het! Dit het soveel luister aan die geleentheid verleen! Die wa was só mooi versier en het sommer terselfdetyd die Lentefees adverteer en mense gelok.

Dankie aan almal wat items geskenk het. As daar nie items is om op te veil nie, kan daar nie ‘n veiling of ‘n loting of verkopings wees nie. Van tuinfietse tot kieries tot hoenders – dit word opreg waardeer!

Ons gemeente-ete is jaarliks die hoogtepunt van ons Lentefees. Baie dankie aan almal wat weer so hard gewerk het. Die reëlings en organisasie was puik. Daar het ‘n heerlike en gesellige atmosfeer onder die groot tent

(Vervolg bl 2)

Lentefees 2019 ’n GROOT DANKIE!! - Correlie van der Hout

geheers waar gemeentelede gesmul het aan die lekker kos.

Baie dankie aan al ons kantoorpersoneel! Andries moes al die harde werk doen en tafels aanry en rondskuif en die kantoordames het die fort in die kantoor gehou en help geld tel. Dankie vir Amanda van die Finansiële Bediening en ds Niekie wat hulle gehelp het.

Ons feesnaweek word altyd die Sondag met ‘n spesiale sangdiens afgesluit en hierdie jaar het Chris Coetzer weer kom optree. Baie dankie vir ons orrelis, Francois, wat altyd sulke luisterryke geleenthede vir ons reël. Dit was baie spesiaal.

Laaste, maar nie die minste nie – baie dankie aan ons Hemelse Vader vir Sy seën op hierdie geleentheid. Aan God al die eer!

Geopende Deure - Gerrit van Niekerk

Geopende Deure is een van die organisasies wat ons gemeente ondersteun. Hier is meer inligting oor hoe dit ontstaan het en wat hulle doen. Hierdie inligting is verkry uit hulle webwerf.

Andrew van der Bijl, ’n jong Nederlandse sendeling is genooi om ’n Kommunistiese Jeugfees by te woon in 1955 in Pole. In sy tas het hy Christelike leesstof gedra, bedoel vir gelowiges in Warskou.

Wat hy agter die Ystergordyn gevind het, was ’n Kerk met ’n dringende behoefte aan ondersteuning en Bybels. Dit is in hierdie oomblik dat God Broer Andrew, soos wat hy oor die algemeen bekendstaan, geroep het deur die woorde van Openbaring 3:2, “*Word wakker en versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe…”*

Broer Andrew se eenmanonderneming het vinnig gegroei tot ’n wêreldwye bediening. Die werk van Geopende Deure het uitgebrei om Bybels in China, Viëtnam en later Afrika en die Moslem Wêreld in te neem, en die organisering van opleidingseminare en praktiese bystand vir vervolgde Christene. Onder Broer Andrew se leierskap het Geopende Deure gegaan waar die meeste Westerse Christene nie durf om te gaan nie. Sy ondergrondse netwerk van inheemse Christene het in die geheim gehelp met die verspreiding van miljoene Bybels elke jaar, wêreldwyd.

Dit is meer as 60 jaar later, en Geopende Deure gaan voort om duisende pastore en kerkleiers op te lei en geestelike en statutêre ondersteuning vir Christelike gevangenes te voorsien. Ons bied terselfdertyd ekonomiese verligting vir hulle gesinne, asook die families van martelare.

Gebedsgeleenthede tydens eredienste in September

Gedurende September het ons die volgende lande aan die Here opgedra in die Gebedsvoorlesings tydens eredienste:

- Chili
- Kaap Verde
- Palestina

Chili is aan die weskus van Suid-Amerika en word begrens deur Bolivië, Peru en Argentinië, met die Stille Oseaan aan die westekant en sluit ook 'n paar eilande in die Stille Oseaan, o.a. Paaseiland. Die land is sowat 60% die grootte van Suid-Afrika, met 'n bevolking van 17,6 miljoen. Ferdinand Magelan van Spanje het die land in 1520 ontdek tydens een van sy talle ontdekkingsreise. Chili is tot 1818 deur Spanje regeer, waarna dit sy onafhanklikheid as 'n Republiek ontvang het. Chili is vandag 'n vooruitstrewende land met baie ryk minerale hulpbronne en uitstekende skole en mediese sorg. Die Atakama woestyn in sentraal Chili is een van die gebiede in die wêreld wat die mees geskikte is om die ruimte te bestudeer en sowat 70% van die wêreld se groot teleskope is hier geleë. Sowat 70% van Chili se bevolking is Christene, waarvan die 17% Protestante die grootste Protestantse bevolking in Suid-Amerika uitmaak. Onrusbarend is dat sowat 21% van die bevolking ateïste of ongelowiges is. Vanaf 1973 tot 1990 het Chili 'n militêre regering gehad, wat tot vandag 'n negatiewe invloed op die Chileense bevolking het.

Kaap Verde is 'n eilandstaat aan die weskus van Afrika, wat uit die Kaap Verdiese Eilande bestaan, met 10 vulkaniese eilande wat gesamentlik ongeveer 'n kwart die grootte van Gauteng beslaan. Die eilande is in 1546 deur die Portugese ontdek en het in 1975 van Portugal onafhanklik geword. Vandag het die Kaap Verdiese Eilande een van die stabielste ekonomië in Afrika, met toerisme as die hoofbron van inkomste. Kaap Verde het internasionale erkenning gekry weens die stabiele ekonomie, ten spyte van gebrekkige hulpbronne. Sowat 90% van die inwoners is Christene, waarvan ongeveer 10,4% van die bevolking Protestante is. Die toenemende invloed van ateïsme word ook hier ondervind en sowat 10,7% van die bevolking is ateïste of is ongelowig. 'n Kommerwekkende feit uit Kaap Verde is dat armoede onder die inwoners toeneem en dit lei tot aanvalle en rooftogte op die talle Europese toeriste.

Palestina beslaan 'n groot deel van die eertydse Israel. Bekende Bybelse stede, o.a. Bethlehem, Hebron en Jerigo vorm deel van Palestynse grondgebied. Jerusalem is op die grens van Israel en Palestina geleë en bly in dispuut, omdat beide Israel en Palestina die stad as hulle hoofstad beskou. Die land bestaan uit twee afsonderlike gebiede; die Gasastrook langs die Middellandse See en die grootste deel aan die westelike oewer van die Jordaanrivier. Hierdie deel van die land staan dan ook bekend as die "Wesoewer". Pale-stina is sowat een derde die groot-te van Gauteng, met 'n bevolking van 4.8 miljoen. Daar heers voortdurende konflik tussen die Israeli's en die Palestyne, wat al sedert Bybelse tye voortduur. In 1947, na die 2de Wêreldoorlog, het die Verenigde Volke Organisasie (VN) die gebied in afsonderlike gedeeltes, Israel en Palestina verdeel, maar in 1948 het die Israeli's die Palestynse gebied binnegeval en op 14 Mei 1948 het Israel sy onafhanklikheid verklaar en begin die eerste Isaeli-Palestynse oorlog. Duisende Palestyne vlug uit Israeliese grondgebied na die huidige Palestina. In 1964, na die stigting van die Palestynse Bevrydingsorganisasie (PLO) breek verskeie oorloë uit, met die bekendste voorbeeld die berugte "Sesdag oorlog" in 1967. Nadat Palestina sy onafhanklikheid in 1988 verklaar, verskerp die konflik weereens. In 2012 word Palestina deur die VN as 'n onafhanklike staat erken en in 2015 deur die Rooms-Katolieke kerk. In 2018 het die VSA sy

(Vervolg bl 4)

Gebedsgeleenthede tydens eredienste in September (Vervolg bl 3)

ambassade in Israel na Jerusalem verskuif en daarmee die stad as die hoofstad van Israel erken. Hernude onrus tussen Israel en Palestina ontstaan oor beide lande se aanspraak op Jerusalem as hoofstad. Meeste lande in die wêreld erken Palestina as 'n onafhanklike staat, met die belangrike uitsondering van die VSA, Kanada, Engeland en Australië, wat verdere onrus veroorsaak en veral in die laaste tyd onder die Trump-bewind weer opvlam.

•Bid vir die Christene in Chili wat steeds hule Christenskap bly uitleef en bid dat die uitdra van die Evangelie in die land met rasse skrede sal voortgaan.

•Bid dat die Christene in Kaap Verde hulle geloof bly uitleef en dat die armoede probleem opgelos sal word sodat aanvalle op toeriste gestuit kan word.

•Bid dat die aanhoudende konflik tussen Israel en Palestina gestuit sal word deur die tussenwerking van die Heilige Gees en dat beide lande hulle geskille op 'n vreedsame manier sal oplos.

•Bid ernstig dat die onrusbarende toename in ateïsme en ongelowigheid, wat wêreldwyd 'n tendens word, gestuit sal word deur Christene wat hulle geloof aktief uitleef.

Die vrug van die Gees - Jaco Thom

Ek het by my vorige huis 'n groot avokadoboom in die agterplaas gehad. Hy het baie goed gedra; heerlike fuerti-pere. Ek het my altyd aan dié boom verwonder, want ek het niks gedoen om hom te versorg nie. Ek het nooit gif gespuit nie, of selfs bemesting of water gegee nie. Hy het maar net elke jaar ewe geduldig sy vrugte gedra. Te lekker.

Die pluk van die vrugte is nogal 'n ding. Die avo's hang nie almal op gemaklike plukhoogte nie. Daarom moet jy óf 'n leer kry, óf in die boom klim, en die takke is soms bedrieglik bros. Menige avokado-plukker (en -dief!) het al daar in die Paarl hard met moeder aarde kennis gemaak. Ek weet van minstens een wat hom dood geval het.

Maar dis nie wat ek wou vertel nie. Ek wou skryf oor die avokado's. Terwyl ek eenkeer 'n paar akrobatiese toertjies uithaal om van die moeiliker kalante in die hande te kry, tref dit my dat die boom reeds weer vol blomknoppe is vir die volgende jaar se oes. 'n Avokadopeer neem 'n volle jaar om van blom tot ryp vrug te vorder. 'n Volle jaar!

Ek wonder of Paulus aan avo's gedink het toe hy in Gal 5:22-23 ons geestelike volwassenheid met vrug vergelyk het.

Ons begeer almal die vrug van die Gees in ons lewens; daardie geestelike rypheid wat nodig is om liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing te kan hê en te kan uitleef teenoor ander. Ons bid daarvoor, droom daaroor, en raak ongeduldig omdat ons helaas nie soveel daarvan in ons lewens sien soos ons gehoop het nie.

Maar – vrug vat tyd om te ontwikkel, het ek besef. 'n Volle jaar is nodig voordat 'n avokado wasdom bereik. Met die vrug van die Gees is dit nie anders nie. Dis nie 'n oornag-ding nie. Dis nie iets wat jy vandag vra, en môre het jy dit nie. Dis iets wat moet groei en ontwikkel in jou lewe; wat die sonskyn en die reën en die stormwinde en die koue wat die lewe na ons kant toe laat kom, nodig het om ryp te word.

Toe ek met 'n ryp, uitgeswelde avokadopeer in my hand staan en ek as't ware al die heerlike neutbotter-smaak in my mond kon proe, het ek geweet: die lang wag was nie verniet nie.

Ek wonder of die hemelse Landbouer ook met soveel genoegdoening die vrug in mý lewe geniet?

Gemeente finansies onder druk Tiendemaand Dankoffer

Na sesmaande van die 2019/20 finansiële jaar agter die rug is daar steeds rede tot kommer.

Inkomste vir die tydperk Maart tot Augustus is 8% of R131 298 minder as begroot. Vergeleke met die vorige jaar is die afwyking ewe-eens negatief met 9.2% of R152 849.



Maandelikse dankoffers, wat 86% van die inkomste basis verteenwoordig, toon ‘n daling van 9.1% of R128 736, terwyl **kollekte** met 9.9% gedaal het.

Uitgawes is vir die sesmaande onder oorsig intoom gehou op 4.4% onder begroting, met die grootste slagoffer die werk van die gemeente se bedieninge. Daar is eenvoudig nie vet in die geldkas nadat personeel, onderhoud van geboue en administratiewe uitgawes betaal is nie. Hierdie uitgawes verteenwoordig tans 94% van die totaal.

Vergeleke met die vorige jaar toon uitgawes ‘n daling van 2.1%.



(Vervolg Bl 6)

Gemeente finansies onder druk Tiendemaand Dankoffer *(Vervolg Bl 5)*

Dit laat 'n tekort vir die sesmaande van R145 864 wat 60% meer as die begrote tekort van R91 148 is. Vir die ooreenstemmende tydperk verlede jaar was daar 'n tekort van R28 511.

Dit is dus duidelik dat die wesenlike daling in die inkomste van 8% geweldige druk plaas op die vermoë van die gemeente om sy vaste maandelikse verpligtinge na te kom.

Die opbrengs van die lentefees wat ongeveer R96 000 beloop (R24 000 minder as begroot) sal nie die tekort uitwis nie.

Die finansiële komitee doen dus 'n beroep op u, om met die oog op die **Tiende Dankoffer maand**, om jou tiende te gee om te verseker dat die gemeente wel is staat sal wees om sy vaste maandelikse verpligtinge na te kom.

Bybelleesprogram - Oktober 2019 Geloof kos guts

Ons nooi alle lidmate om deel te neem aan ons Bybelleesprogram om elke dag die teks te lees vir die spesifieke dag.

Son	Maan	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
		1 Deut 31:6	2 Ps 23:4	3 Ps 37:5	4 Ps 119:25	5 Ps 119:50
6 Ps 120:1	7 Spr 3:5-6	8 Jes 41:10	9 Matt 11:28-29	10 Matt 15:28 tot 26	11 Matt 17:20	12 Matt 21:21
13 Joh 14:12	14 Joh 16:33	15 Joh 20:24 tot 29	16 Hand 26:18	17 Rom 8:6	18 Rom 8:37 tot 39	19 1 Kor 16:13
20 2 Kor 4:8 tot 9	21 2 Kor 5:6 tot 8	22 Ef 2:8-10	23 Ef 6:16	24 Fil 4:6-7	25 1 Tess 3:7 tot 8	26 2 Tim 1:7
27 2 Tim 4:7	28 Heb 3:11 tot 12	29 Heb 12:1	30 1 Petr 1:5 tot 9	31 1 Joh 5:4		

MEYERSPARK
EIENDOMSDESKUNDIGE
18 JAAR ONDERVINDING VAN
EIENDOMS VERKOPE IN AREA
KOOP/VERKOOP OF MARKWAARDASIE
SKAKEL MY GERUS.
STIENIE NAUDE
FAR EIENDOMME
082 335 0720

Boomslopings en snoei. Gratis kwotasies /versekering.
Kontak Ernst 083 656 4992
www.treecarepta.co.za

Lief en Leed

Lettie Mollentze, Wicus Kotzé, Mima van Niekerk en Jo Boshoff is die afgelope tyd oorlede asook Beryl de Coning se kleindogter en Joana Rothmann se ma. Ons gebede en meegevoel gaan uit na hulle naasbestaandes.